



## Eerste kamp vanjaar by mooi Klipdraai, kom kamp vir seker!

Kyk na die foto's en besluit vir jouself

Klipdraai, waar Kiepersol se eerste saamtrek van die jaar die naweek van 25 Januarie 2013 plaasvind, word sterk aanbeveel. Die Presidente-saamtrek is verlede jaar daar gehou.

Ten spyte van die groot aantal woonwaens, was ons baie beïndruk met die geriewe en fasiliteite soos swembaddens (warm en koud), mini-gholfbaan, jukskei- en vlugbalbane, mooi tuine en staanplekke. Dit het die streekbestuur laat besluit om 'n kamp daar te reël sodat ons die plek op ons eie kan ervaar.


Streekvoorsitter André Baker het aan Kamp-xtra gesê: "Ek nooi elke Kiepersoller vriendelik uit om die jaar saam met ons te begin op 'n mooi plek. Dit kos R420 vir die naweek. Vir mense wat 'n bietjie langer daar wil kamp is daar 'n voorafsaamtrek vanaf Woensdag wat deur die senior burgers aangebied word.

"Dis nie ver nie (100 km vanaf Centurion) en al die pad snelweg. Dis in Meyerton langs die Kliprivier geleë en daar is 'n mooi klompie wild ook, aldus André.

*Daar word ook getrou en konfrensies gehou*



*Voor die kapel*



*Die netheid van die oord val 'n mens op*

*Daar is twee swembaddens, warm en koud*

**Deposito van R200 nodig**  
Betaal asseblief R200 deposito vir Klipdraai in by Sawa-Kiepersol  
ABSA Centurion 600 810 499

### Mandjiedans

2 Maart 2013

Toegang R50 pp

Bel Schalk by 012 345 1605  
of 083 484 8476 vir meer besonderhede



*Nog foto's op die volgende bladsy*



*Mooi uitgelegde mini-gholfbaan*

## Bespreek nou vir naweek van 25 Januarie

Die Klipdraai-naweek is vanaf 25 tot 27 Januarie 2013.

Voorafkamp vanaf Woensdag 23 Januarie.

Deposito van R200 moet asseblief nou betaal word. Skakel vir Frank Smith by

082 882 5299, betaal in ABSA600810499

---


# Kom kamp saam met Kiepersol by Klipdraai



*Nuwe, moderne  
ablusieblokke*



*Dis duidelik waar die vroue en  
mans se badkamers is*




*Teëls op vloere en teëls  
en spieël bo wasbakke*



*Daar is 'n warm en koue  
swembad*



*Beeld van 'n luiperd in die  
tuin*



*Spuitfonteine helder die  
landskap op*




*Geplaveide pad by die  
ingangshek*



*Berigte  
en  
foto's  
deur  
Johann  
Lemmer*

*Hennie Ferreira by een van-  
die netjiese kragpuntbokse*



*Sagte sand vir vlugbal-  
en jukskeibane*



*Oral is braaiplekke  
aangebring*



*Staanplekke meestal gelyk met  
grasperke*



*Wildebeeste en kleiner  
boksoorte*